# Leeuwenhof Akademie Voorskool

LEEUWENHOF

ONTDEK

# Ouerinligtingstuk

# Welkom by die Welpies!

Welkom by Leeuwenhof Akademie Voorskool. Hier beleef ons elke dag as 'n ontdekkingsgeleentheid om te LEER deur SPEL!

Ons onderwysers is gekwalifiseerd, lesgereed en entoesiasties. Ons kurrikulum is van uitstaande gehalte en word toegepas en aangevul met die nuutste apparaat en ervarings uit ons kleuters se eie leefwêreld. Kleuters word gelei om hul kritiese en kreatiewe denke vlerke te gee om nuwe hoogtes te bereik. 'n Positiewe selfbeeld is krities om môre se leiers te kweek en by die Welpies loop ons die ekstra myl met 'n glimlag om hierdie doel te bereik!

Wat ons werklik uniek maak is dat elke kleuter, klein en groot, gekoester word soos ons eie. Dit is ons ideaal dat elke kleuter hul identiteit in God sal vind en sodoende hul skeppingsdoel sal bereik. Dit is vir ons die heel belangrikste dat ons kleuters gelukkig sal wees by die skool! Dat hulle geborgenheid sal ervaar, dat hul geliefd en gekoester sal voel en dat hulle elke dag by die skool met uitbundige entoesiasme en oorgawe sal geniet!

'n Spelende kleuter is 'n gelukkige kleuter!!!

Ons sien uit daarna om die unieke en opwindende pad saam met u en u kleuter te stap!

Welpie-groete,
*Hanlie Kriel*

# Inhoudsopgawe


| | Bl. |
|---|---|
| Kommunikasie | 4 |
| Busroetes | 7 |
| Skoolfooie 2025 | 8 |
| Fondsinsamelingsprojekte en Kuierdae | 9 |
| Sekuriteit | 10 |
| Dagprogram | 11 |
| Gesondheidsbeleid | 12 |
| Godsdiensbeleid en Boeliebeleid | 14 |
| Taalbeleid en Uitstappies | 15 |
| Skoolkalender | 16 |
| Buitemuurs | 18 |
| Etenstye en Kosblikke | 20 |
| Verjaarsdae en Klere | 21 |
| Opvoedkundige Program | 22 |
| Spesiale Dae | 24 |
| Ons Skoollied | 27 |
| Ons Skoolwapen | 28 |
| Ons Vier Pilare | 29 |

# Kommunikasie

| Personeellid | Kontakbesonderhede<br>(weeksdae tussen 07:00 en 17:00) |
|---|---|
| **Voorskool hoof**<br>Me. Hanlie Kriel | hanlie@leeuwenhof.co.za<br>084 504 6920 |
| **Kantoor**<br>Me. Mariëtte Hattingh | Maandae - Vrydae tot 12:00<br>011 622 1806 (opsie 3) |
| **Skapieklas (Graad 0)**<br>Me. Maritza Lindeque | maritzal@leeuwenhof.co.za<br>072 515 3887 |
| **Voëltjieklas (Graad 0)**<br>Me. Natasja Bothma | natasjab@leeuwenhof.co.za<br>084 618 0015 |
| **Gansieklas (Graad 00)**<br>Me. Karin Els | karin@leeuwenhof.co.za<br>082 924 4519 |
| **Eekhoringklas (Graad 00)**<br>Me. Chanté Fourie | chantef@leeuwenhof.co.za<br>072 890 5349 |
| **Hasieklas (Graad 000)**<br>Me. Zuanéll Potgieter | zuanell@leeuwenhof.co.za<br>072 157 4242 |
| **Dinosourusklas (Peuters )**<br>Me. Amanda Breedt | amandab@leeuwenhof.co.za<br>082 654 4000 |
| **Vlinderklas (Peuters )**<br>Me. Amanda de Lange | amandal@leeuwenhof.co.za<br>079 730 2823 |

| | |
|---|---|
| **Naskool** | sanetr@leeuwenhof.co.za |
| Me. Sanet le Roux | 082 478 4292 |
| **Snoepie** | pretoriused@gmail.com |
| Mnr. Ed Pretorius | 062 429 8810 |
| **Busvervoer** | daanw@leeuwenhof.co.za |
| Mnr. Daan Wessels | 082 797 9286 |
| **Finansies** | yvonneb@leeuwenhof.co.za |
| Me. Yvonne Bergstrom | 011 622 1806 (opsie 2) |
| **Bemarkingsbestuurder** | marketing@leeuwenhof.co.za |
| Me. Marsha Wagner | 011 622 1806 (opsie 1) |

## Kyk ook na:

Weeklikse nuusbrief

Leeuwenhof Akademie
Christelike Afrikaanse Privaatskool

@leeuwenhof_akademie

@leeuwenhofakademiebedfordview

## Gesels met juffrou oor:

- Enige bekommernisse oor u kleuter se gedrag, vaardighede of gesondheid.
- Enige veranderinge in u kleuter se gedrag of gewoontes tuis.
- Enige veranderinge / traumatiese gebeure tuis.
- Iemand anders wat u kleuter by die skool gaan oplaai.
- Verandering in u kleuter se busroete en/of -dae.

## Luister na en vertrou juffrou oor:

- U kleuter se spesifieke behoeftes, indien enige.
- Probleme en/of bekommernisse wat aangespreek moet word, indien enige.

**Onderwysers, skoolbestuur en ouers vorm ‘n span wat saam werk en hande vat om elke kleuter te laat ontwikkel tot die beste van hul vermoë.**

**Enige hindernisse of uitvalle moet vroeër aangespreek word eerder as later om te verseker dat u kleuter se akademiese grondslag sterk en gevestig is.**

Ons busse vervoer daagliks leerders van enige ouderdom op die volgende roetes:

| | Koste per rit |
|---|---|
| **Alberton** | R37.00 |
| **Boksburg / Benoni** | R42.00 |
| **Greylaan** | R37.00 |
| **Heidelberg** | R58.00 |
| **Henley on Klip** | R47.00 |
| **Kempton Park / Edenvale** | R37.00 |
| **Lambton** | R37.00 |
| **Serengeti** | R42.00 |
| **Springs** | R47.00 |
| **Sunward Park** | R42.00 |
| **Vanderbijlpark** | R68.00 |
| **Vereeniging** | R63.00 |

**Enige navrae oor busroetes en/of WhatsApp groepe kan gerig word aan Mnr. Daan Wessels. Buskaartjies kan aangevra word deur Me. Hanlie Kriel of u kleuter se klasonderwyseres.**

# Skoolfooie 2025

| | Jaarliks | Maandeliks (Jan - Nov) |
|---|---|---|
| **Babasentrum** | R56 455 | R4 705 |
| **Peuters (Graad 0000)** | R78 580 | R7 144 |
| **Graad 000 - 00** | R78 580 | R7 144 |
| **Graad 0** | R83 360 | R7 578 |
| **Graad 1** | R94 880 | R8 625 |
| **Graad 2 - 3** | R102 575 | R9 325 |
| **Graad 4 - 6** | R108 340 | R9 849 |
| **Graad 7** | R109 625 | R9 966 |
| **Graad 8** | R109 625 | R9 966 |
| **Graad 9** | R120 780 | R10 980 |
| **Graad 10 - 12** | R127 575 | R11 598 |

# Fondsinsamelingsprojekte

| Projek | Wanneer? |
|---|---|
| "Cupcakes vir Liefde" Uitreikaksie ten bate van Cupcakes of Hope vir kinders met kanker. | 13 Februarie 2025 |
| Kaskardag | 8 Maart 2025 |
| Leeufees | 20 September 2025 |

Kleiner fondsinsamelingsprojekte en uitreikaksies kan met tye deur die onderskeie skole aangepak word vir spesifieke projekte bv. Boom-plantdag, maar sal tot 'n minimum beperk word.

# Sekuriteit

Ons hekwag sorg vir ons personeel, ouers en kleuters se veiligheid en behou die reg om toegang te weier indien hy onseker is oor 'n persoon se identiteit of rede vir besoek.

Daarom is dit baie belangrik om u kleuter se onderwyseres in kennis te stel indien iemand anders u kleuter kom oplaai.

**Ons verwag dat ouers ons sekuriteitswagte en ander personeel ten alle tye met respek sal hanteer.**

**Kleuters moet daagliks in- en uitgeteken word by die Voorskool se ingang.**

- Intekenlyste is beskikbaar vanaf 07:00 tot 08:15.
- Uittekenlyste is beskikbaar vanaf 13:00 tot 17:15.

**Indien 'n kleuter opgelaai word voor 13:00, moet 'n vorm aanlyn voltooi word.**

- Die skakel vir die vorm sal op die klasgroepe beskikbaar gemaak word.
- Ouers moet asseblief 'n hekskyfie by die Voorskool kantoor afhaal en dit aan die sekuriteitswagte by die uitgangshek gee wanneer die skoolterrein verlaat word.

# Dagprogram

| | |
|---|---|
| **07:00 - 07:30** | Aankoms en vryspel in die klaskamer. |
| **07:30 - 08:15** | Oggend buitespel |
| **08:15 - 09:00** | Bybelopening, register en oggendroetine |
| **09:00 - 09:30** | Eerste kring |
| **09:30 - 10:30** | Vryspel binne en skeppende aktiwiteite |
| **10:30 - 11:00** | Etenstyd |
| **11:00 - 12:00** | Vryspel buite |
| **12:00 - 12:45** | Tweede kring |
| **12:45 - 13:00** | Storietyd |
| **13:00 - 13:30** | Etenstyd / Vryspel binne |
| **13:30** | Vryspel buite totdat kleuter huis toe gaan. |

- Kringaktiwiteite verskil tussen ouderdomsgroepe en dae van die week
- Toiletroetine word aangepas by die klas se roetine
- Peuterklas en Gr.000 klas rus na vryspel buite

# Gesondheidsbeleid

**Inentings:**

Alle kleuters moet op datum gehou word met hul inentings volgens die nasionale inentingsprogram.

**Algemene gesondheid:**

Kleuters wat aan ernstige, aansteeklike siektes ly, sal nie toegelaat word om skool by te woon nie. Dit sluit in, maar is nie beperk, tot siektes soos waterpokkies, ooginfeksies, en ander aansteeklike siektes. Ons vra ouers om eerlik te wees en die skool in kennis te stel indien 'n kleuter siek is.

**Prosedures in geval van siekte:**

**Kennisgewing aan en van die skool:**

As 'n kleuter by die skool siek word, sal ouers dadelik in kennis gestel word. Die kleuter sal in die siekeboeg gehou word totdat die ouers hom/haar kom haal. Indien ‘n kleuter tuis siek word moet ouers die skool in kennis stel. Dit kan gedoen word deur die skool te skakel of 'n e-pos te stuur.

**Terugkeer na skool:**

‘n Kleuter mag eers na die skool terugkeer nadat hy of sy voldoende herstel het en nie meer aansteeklik is nie. Ons vereis dat kleuters **ten minste 24 uur koorsvry sonder medikasie** moet wees voordat hulle terugkeer skool toe.

**Mediese sertifikaat:**
In sommige gevalle kan ons van ouers vereis om 'n mediese sertifikaat voor te lê om die herstel van die kleuter te bevestig voordat hy of sy mag terugkeer na die skool.

**Verhoogde waaksaamheid:**
As ons bewus is van 'n siek kleuter in die klas, sal ons verhoogde waaksaamheid handhaaf om die verspreiding van aansteeklike siektes te voorkom. Dit kan insluit dat ons die klaskamer en speelgoed sani-teer/ontsmet, asook addisionele maatreëls tref om die gesondheid van die ander kleuters te beskerm.

**Algemene gesondheid en higiëne:**
Ouers word aangemoedig om hul kleuters gereeld te monitor vir enige tekens van siekte en ons onmiddellik in kennis te stel van enige besorgdheid.

**Higiëne in die klas:**
Ons streef daarna om 'n skoon en higiëniese klasomgewing te handhaaf deur gereeld skoon te maak en te saniteer/ontsmet waar nodig.

Hierdie gesondheidsbeleid is daar om die welstand van ons kleuters te beskerm en die skoolomgewing veilig te hou. Ons waardeer u samewerking om 'n gesonde en gelukkige ervaring vir al ons kleuters te verseker.

# Godsdiensbeleid

Ons onderrig is op Christelike beginsels gegrond en as sulks streef ons daarna dat kleuters hul geloof in Christus sal vestig en elke dag by die skool geborgenheid sal ervaar.

# Boeliebeleid

Boeliegedrag is enige negatiewe gedrag wat herhaaldelik plaasvind om ander skade aan te doen, hetsy fisies of emosioneel, om mag oor 'n ander te bekom. Daar is 'n beleid in plek om kleuters, ouers en personeel te beskerm teen teistering van enige aard. Rapportering van enige voorval of onvanpaste gedrag moet so gou moontlik na die insident geskied deur u kleuter se klasonderwyseres of die Voorskool hoof te kontak.

Bewusmakingsprogramme geskied deurlopend om kleuters, ouers en personeel te herinner watter soort gedrag aanvaarbaar is.

Enige aangeleentheid sal deeglik en op 'n sensitiewe wyse ondersoek word deur die skool se bestuur. Hierdie ondersoek sal streng volgens die betrokke beleid geskied. Alle inligting met betrekking tot so 'n ondersoek sal met uiterse vertroulikheid hanteer word.

Na afloop van die ondersoek sal daar 'n aanbeveling gemaak word, wat deur die skool se Direksie hersien sal word. Indien daar bepaal word dat 'n oortreding plaasgevind het, sal toepaslike dissiplinêre maatreëls getref word.

# Taalbeleid

Ons kommunikeer met ons ouers en kleuters in Afrikaans. Kleuters met huistale anders as Afrikaans word egter ook verwelkom. Ons ervare span sal hulle laat tuis voel en help met die aanleer van Afrikaans as tweede taal met behulp van die kleuter se ouers. Die hulp van ons Spraakterapeute kan ook ingeroep word indien nodig.

# Instappies en Uitstappies

Gedurende die jaar word ons kurrikulum aangevul met verskeie instappies en uitstappies waar ons kleuters aan leergeleenthede blootgestel word wat aktueel en relevant is in hul leefwêreld.

Hierdie in- en uitstappies is reeds by u skoolfooie ingesluit, dus word geen ekstra fooie daarvoor gevra nie.

Tydens uitstappies word daar van die skool se busvervoer gebruik gemaak en ouers sal deur middel van die klasgroepe toestemming verleen dat hul kleuter van die busvervoer gebruik mag maak op die betrokke dag.

# Skoolkalender 2025

| Termyn 1 | | |
|---|---|---|
| **Termyn begin** | Woensdag, 15 Januarie | **Vakansieskool beskikbaar** |
| **Reses** | 14 Februarie - 17 Februarie | |
| **Termyn eindig** | Donderdag, 20 Maart | |
| **Vakansie** | 21 Maart - 7 April | **Vakansieskool beskikbaar (behalwe op publieke vakansiedae)** |

**Publieke vakansiedae:**

**21 Maart - Menseregtedag**

| Termyn 2 | | |
|---|---|---|
| **Termyn begin** | Dinsdag, 8 April | **Vakansieskool beskikbaar** |
| **Reses** | 28 Junie - 13 Julie | |
| **Termyn eindig** | Vrydag, 8 Augustus | |
| **Vakansie** | 9 Augustus - 1 September | **Vakansieskool beskikbaar** |

**Publieke vakansiedae:**

**18 April - Goeie Vrydag**

**21 April - Gesinsdag**

**28 April - 2 Mei - Werkersdag (1 week)**

**9 Augustus - Vrouedag**

**Vakansieskool beskikbaar (behalwe op 1 Mei)**

## Termyn 3

| | | |
|---|---|---|
| **Termyn begin** | Dinsdag, 2 September | |
| **Reses** | 17 -20 Oktober | **Vakansieskool beskikbaar** |
| **Termyn eindig** | Woensdag, 3 Desember | **Vakansieskool- beskikbaar tot en met 13 Desember** |

## Publieke vakansiedae:

**24 September - Erfenisdag**

# Skoolure

**Maandag - Donderdag**

07:00 - 16:00

**Vrydag**

07:00 - 14:00

# Naskool

**Maandag - Donderdag**

16:00 - 17:15

**Vrydag**

14:00 - 17:15

# Betaalde buitemuurse aktiwiteite

| Aktiwiteit | Aanbieder | Kontakbesonderhede |
|---|---|---|
| **Dance Mouse** | Genique Hammond | 082 873 5130 |
| **Ballet** | Genique Hammond | 082 873 5130 |
| **Little Actors Academy** | Chanté<br>Emma | 060 991 8257<br>083 256 1670 |
| **Tiny Twisters Gymnastics** | Priscilla Holroyd | 082 930 7526<br>priscillaholroyd77@gmail.com |
| **Kinderkinetika** | Charonelle Posthumus | 078 493 0129 |
| **Experi-Maatjies Wetenskap** | Lee-Ann Stander | 079 070 6530<br>leeann@experi.co.za |
| **Junior Golf Academy** | Phillip van der Merwe | 083 468 0222 |
| **Tennis** | Jean de Villiers | 084 457 2732 |
| **Hokkie- & Netbalpoppies (slegs vir Gr.00 en Gr.0)** | Esmarelda Beetge | 063 294 4931<br>esmareldabeetge254@gmail.com |
| **Sport Fanatix Rugby Korrek (slegs vir Gr.00 en Gr.0)** | Dawid Grobler | 081 575 2682 |
| **The Music Box** | Nelda Greyling-Müller | 072 150 7712 |

Ons dagprogram dek alle areas van ontwikkeling, buitemuurse aktiwiteite is slegs aanvullend daarby en is glad nie verpligtend nie.

**Ons versoek asseblief dat kleuters nie by te veel aktiwiteite betrokke raak nie, aangesien hulle tydens vryspel baie vaardighede inoefen en verskerp.**

# Graad 0 Gratis buitemuurse aktiwiteite

| Aktiwiteit | Aanbieder/Afrigter | Kontakbesonderhede |
|---|---|---|
| **Koor en Blokfluit** | Me. Nelda Greyling-Müller | 072 150 7712 |
| **Robotika** | Me. Karin Els | 082 924 4519<br>karin@leeuwenhof.co.za |
| **Welpierugby** | Dawid Grobler<br>Me. Hanlie Kriel | 084 504 6920<br>hanlie@leeuwenhof.co.za |
| **Nooientjie Netbal** | Me. Maritza Lindeque | 084 504 6920<br>hanlie@leeuwenhof.co.za |
| **Krieket** | Mnr. Morné McMaster | 072 494 8875<br>mornem@leeuwenhof.co.za |

**Gratis lesse wat misgeloop word, kan ongelukkig nie ingehaal word nie.**

# Buitemuurs Skedule

**Buitemuurse aktiwiteite (voor of na skool) neem geen akademiese tyd in beslag nie.**

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag** | Dance Mouse (Gr.00 & Gr.0)<br>Koor en Blokfluit | Junior Golf Academy |
| **Dinsdag** | Little Actors Academy (oggend)<br>Junior Golf Academy (oggend) | Tiny Twisters Gymnastics<br>Welpierugby en Nooientjie Netbal |
| **Woensdag** | Tennis (oggend)<br>Krieket (11:00—12:00)<br>Ballet | Dance Mouse (Gr.000)<br>Robotika |
| **Donderdag** | The Music Box (oggend)<br>Welpierugby en Nooientjie Netbal | |
| **Vrydag** | Hokkie- & Netbalpoppies (oggend)<br>Sport Fanatix Rugby Korrek (oggend) | Kinderkinetika<br>Experi-Maatjies Wetenskap |

# Etenstye en kosblikke

## Etenstye

10:30

13:00

15:00

## Kosblikke

- Ouderdomstoepaslike kos moet asseblief daagliks skool toe gestuur word.
- Die kos moet genoegsaam wees vir die tydperk wat u kleuter by die skool sal wees.
- ‘n Bottel met water moet daagliks gestuur word - bottels kan by die skool opgevul word by ons filtreerstasie indien dit leeg is. Gasvrye koeldrank of sap mag ook saam gestuur word in ‘n aparte bottel.
- Vermy asseblief die volgende:
  - Items met n hoë suikerinhoud
  - Allergene wat nie voorheen getoets is nie.
  - Gaskoeldrank / Energiedrankies
  - Lekkernye (Sjokolade, swieties, soetkoekies, “Tinkies” ens.)

**Kleuters mag slegs op ‘n Vrydag ‘n lekkerny skool toe bring om na hul gesonde kos te geniet.**

**Pak asseblief die nodige eetgery in (lepels en/of vurkies).**

**Maak asseblief seker dat alle items wat skool toe gestuur word, duidelik en sigbaar gemerk is.**

# Verjaarsdae

**Op u kind se verjaarsdag (of 'n datum afgespreek met die klasonderwyseres) mag u items of pakkies stuur vir sy/haar klaspartytjie.**

**Indien moontlik, vermy asseblief die volgende:**

* Suigstokkies
* Koeldranke in sakkies wat nie toegemaak kan word nie bv. ZOOM

Elke klas het 'n fopkoek waarop kersies geplaas word vir die kleuter om uit te blaas. Dit is dus nie nodig om spesiaal 'n koek te stuur vir daardie doel nie. Gesels gerus met die klasonderwyseres vir idees en wenke vir eetgoed.

# Klere

- **Alle klere moet asseblief duidelik en sigbaar gemerk word.**
- Kleuters mag kaalvoet skool toe kom.
- Sorg asseblief ten alle tye vir 'n ekstra stel klere en 'n plastieksakkie in u kleuter se tas in geval van nood.
- Tasse moet groot genoeg wees om al die klere wat u kleuter uittrek in te bêre - veral in die winter.
- Dogters moet kort broekies onder hul rokkies dra.
- **Asseblief geen:**
    * **Klere wat nie mag vuil word nie**
    * **Juwele (hangertjies, hang oorbelle, armbandjies, ringe ens.)**
    * **Fantasieklere (mantels, hoëhak skoene, Superheld pakke ens.)**
    * **Speelgoed (met die uitsondering van spesiale dae)**

# Opvoedkundige Program

## Kurrikulum

Ons gebruik 'n verrykte kurrikulum wat wetenskaplik beproef is en progressief en ouderdomstoepaslik ontwikkel, om kleuters voor te berei op formele onderrig. Spel vorm 'n noodsaaklike deel van leer en ontwikkeling en deur spel word ons kleuters holisties ontwikkel in die volgende aspekte:

- Geestelik
- Emosioneel
- Perseptueel
- Sosiaal
- Kognitief
- Taal
- Motories

Hierdie aspekte vorm die grondslag vir die voorvaardighede vir geletterdheid en gesyferdheid wat in Gr. 0 gevestig word met die Nasionale Kurrikulum as riglyn sodat kleuters met gemak kan leer lees, skryf en wiskundige berekeninge doen wanneer hulle formele onderrig betree.

**Ons Voorskool span is:**

Gekwalifiseerd

Liefdevol

Gemotiveerd

Entoesiasties

Innoverend

Vriendelik

Toeganklik

**Saam het ons een doel:**

Om elke kleuter geliefd, spesiaal en gekoester te laat voel. Om hul sodoende in staat te stel om die beste weergawe van hulself te wees deur lekker SPEEL, lekker LEER en LIEFDE vir hulself en ander!

# EVALUERING

## Verslae

Kleuters word deurlopend geassesseer en vorderingsverslae word een maal per termyn voltooi en met ouers bespreek:

- Maart
- Augustus
- Desember

Kundige ondersteuning is beskikbaar in die vorm van terapeute wat op die perseel werksaam is:

| | |
|---|---|
| **Dr. Elzette Fritz**<br>Opvoedkundige Sielkundige | 083 325 1794<br>elzettefritz1@gmail.com |
| **Me. Helmien Aucamp**<br>Spraakterapeut | 083 609 6974<br>aucamp.helmien@gmail.com |
| **Me. Grietjie Hartley**<br>Arbeidsterapeut | 082 335 2535<br>grietjiehartley@yahoo.com |

# Spesiale dae

| | |
|---|---|
| **Gunsteling speelding** | Kleuters bring hul gunsteling speelding skool toe. Slegs een speelding word toegelaat en geen speelgoed wat beserings kan veroorsaak nie. |
| **Water- en Waatlemoenfees** | Pak 'n piekniekmandjie en 'n handdoek vir hierdie prettige dag waar ons met allerlei wateraktiwiteite speel en smul aan heerlike waatlemoen! |
| **Valentynsdag** | Trek mooi rooi aan en wys jou liefde vir almal om jou! |
| **Cupcakes 4 Kids with Cancer** | Fondsinsamelingsgeleentheid vir kinders met kanker - ouers skenk kolwyntjies wat ons voor skool in die parkeerarea verkoop. |
| **"Pyjama" dag** | Kleuters trek hul slaapklere skool toe aan! |
| **Diertjie dag: Troeteldiere** | Bring 'n troeteldier speelding skool toe! |
| **Bybelse ete** | Ons trek aan soos mense uit die Bybelse tyd en verduidelik nagmaal aan die kleuters. |
| **Poppedag** | Kleuters bring 'n pop (bykomstighede word ook toegelaat) of 'n mannetjie skool toe. |
| **Trek aan soos Pappa en Mamma** | Kleuters trek soos hul mamma of pappa aan vir ons Familie-tema. |

| | |
|---|---|
| **Wieledag: Geen fietse** | Enige wielspeelgoed mag skool toe gebring word, behalwe: fietse, rolskaatse, skaatsplanke, "hoverboards" |
| **Moedersdagverrassing** | Mamma laai die kleuter af en geniet 'n lekker verrassing vir Moedersdag. |
| **Hemelvaartdag uitstappie** | Ons neem die kleuters na die kerk om Hemelvaart te vier. Pak kossies in om piekniek te hou op die kerk se grasperke! |
| **Boeresport en worsbraai** | Kleuters geniet 'n verskeidenheid boeresport-speletjies saam met hul klas en juffrou en eet Worsbroodjies by die skool. |
| **Vervoer-uitstalling** | Ons stel die kleuters bloot aan verskillende soorte vervoermiddels wat hul nie elke dag sien nie! |
| **Werk Woensdag: Wat ek eendag wil word** | Trek aan soos die beroep wat jy eendag graag wil beoefen! |
| **Vadersdagverrassing** | Pappa laai die kleuter af en geniet 'n lekker verrassing vir Vadersdag. |
| **Balledag** | Bring enige bal skool toe! |
| **Wilde hare-dag** | Doen iets snaaks met jou hare vir die dag - hoe wilder, hoe beter! |
| **Fantasie-Vrydag: Gunsteling kos** | Trek aan soos jou gunsteling kos! |
| **Wieledag: Gr. 0 / Gr. 00 en 000** | Die betrokke grade mag hul fietse skool toe bring. |

| | |
|---|---|
| **Lente-modeparade** | Kleuters trek vrolik aan en maak 'n lentehoed om aan te trek vir ons modeparade. |
| **Vlerkie-Vrydag** | Trek jou vlerke skool toe aan, klein of groot, hard of sag! |
| **Diertjiedag: Eiers** | Bring 'n speelding skool toe van 'n dier wat eiers lê! |
| **Borreldag** | Bring jou borrels skool toe en blaas borrels tydens speeltyd. |
| **Fantasie Vrydag: Gunsteling kleur** | Trek aan in jou heel gunsteling kleur van kop tot tone! |

**Die hulp van die onderskeie graadgroepe se skakelouers word benodig met versierings op ons spesiale geleenthede.**

**Die geleenthede is opgedeel soos volg:**

| Spesiale dae: | Graadgroep verantwoordelik vir versiering: |
|---|---|
| **Valentynsdag**<br>**Paasfees** | Graad 00 |
| **Moedersdag**<br>**Vadersdag** | Graad 0 |
| **Kersfees** | Graad 000 |

**In Welpies Preprimêr**
**hier leer ons met plesier**
**hoe knip ek met 'n skêr**
**en wat eet elke dier.**
**Ons Welpies help mekaar**
**om elkeen te aanvaar.**
**Soos welpies mane kry**
**sal wenners hier gedy.**



# Ons Skoolwapen




## son

Die Lig  van God wat ons
lei deur die Bybel.

## sleutel

Jou opvoeding is die
sleutel waarmee jy jou
toekoms oopsluit.

## boom

Ons bewaar die natuur en dit
wat lewe. 'n Simbool van
groei.


## kruis

Jesus is ons
Verlosser en die
middelpunt van
ons skool.

## leeus

Ons Welpies leer
om leiers te wees
en saam te werk
soos 'n trop!

# Ons vier pilare



**Jesus is ons Saligmaker.**

Met Jesus in ons harte gee ons om vir mekaar en respekteer ons mekaar.



**Akademiese kundigheid.**

Ons werk hard en leer alles wat ons nodig het en meer.



**Buitemuurse uitnemendheid.**

Ons gee altyd ons beste in alles wat ons doen.



**Professionaliteit.**

Ons is trots op wie ons is en laat ons Jesus-liggies helder skyn.